MIKRO

WERK EN SKEP

# Sinsoorte

## Graad 3

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vraagsinne

- Dit is sinne waarmee ons vrae vra.
- Hierdie sinne eindig **ALTYD** met 'n vraagteken.



Kom ons dink aan woorde waarmee hierdie sinne kan begin.

Wat ?

Waar ?

Waarmee ?

Hoe ?

Wie ?

Watter ?

Wanneer ?

Hoekom ?

Pas die sin by die woorde om die vraagsinne te voltooi.

| | |
|---|---|
| Wat | oud is jy? |
| Waar | verjaar jy? |
| Wanneer | is jou naam? |
| Hoekom | is jou potlood? |
| Hoe | is jou klere so vuil? |

## Pas die sin by die woorde om die vraagsinne te voltooi.

| | |
|---|---|
| Wat | is jou naam? |
| Waar | is jou potlood? |
| Wanneer | verjaar jy? |
| Hoekom | is jou klere so vuil? |
| Hoe | oud is jy? |

# Bevelsinne

- Bevelsinne is wanneer daar 'n bevel of 'n opdrag gegee word. Jy sê vir iemand om iets te doen.

- Hierdie sinne eindig ALTYD met 'n uitroepteken.

Byvoorbeeld:

Gaan doen jou huiswerk !

Loop nou !

# Uitroepsinne

- Uitroepsinne is wanneer iets uitgeroep word. Dit is gewoonlik wanneer jy iets skree of baie opgewonde is oor iets.

- Hierdie sinne eindig ALTYD met 'n uitroepteken. !

Byvoorbeeld:

Eina !

Dis fantasies, Suné !

Veels geluk !

MIKRO WERK EN SKEP

# Stelsinne

- Dit is 'n sin waar 'n stelling gemaak word. Iets word gesê..
- Hierdie sinne eindig ALTYD met 'n punt.



Byvoorbeeld:

Dit is 'n lekker sonnige dag.

Ek speel op die strand.

MIKRO
WERK EN SKEP